Die Universiteit Stellenbosch (US) en Gemeenskapsinteraksie

Ons bou volhoubare kennisvennootskappe met die Gemeenskap

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot•your knowledge partner

Gemeenskapsinteraksie
Community Interaction
Amaqhina Entsebenziswano

Wat is die doel van gemeenskapsinteraksie?

Gemeenskapsinteraksie (GI), as 'n kernfunksie van die Universiteit, bestaan om vennootskappe met gemeenskappe te onderhou en te bestuur, waardeur samewerking tussen gemeenskappe en die Universiteit bevorder word en die middele verskaf word waardeur albei partye aktief kennis kan ontdek, mekaar kan leer en van mekaar kan leer.

Wie is ons gemeenskap?

Die term gemeenskap dui op 'n sosiale groepering van die samelewing wat op enige gegewe oomblik in 'n interaksie betrokke is. Gemeenskap verwys na groepe mense wat deur 'n gemeenskaplike ligging verenig is, of na groepe mense wat intellektueel, professioneel en/of polities verbind is; met ander woorde geografiese gemeenskappe, gemeenskappe van belang en gemeenskappe van praktyk.

Hierdie breë definisie laat die Universiteit toe om op gemarginaliseerde groepe in die samelewing te fokus, terwyl ander gemeenskapsformasies terselfdertyd ingesluit word.

Wat is die kriteria vir gemeenskapsinteraksie?

Uitsluitlik onderrig- en leer- en navorsingsaktiwiteite wat nie 'n gemeenskapskomponent insluit nie kan nie deel van GI wees nie. Ten einde GI-aktiwiteite van onderrig en leer en navorsing te onderskei, moet sodanige aktiwiteite aan die volgende kriteria voldoen:

- Die aktiwiteit moet interaktief aan 'n identifiseerbare groep in 'n gemeenskap buite die instelling gekoppel word.
- Interaksie moet aktief aan identifiseerbare behoeftes van sowel die Universiteit as die gemeenskap gekoppel word. Daar moet 'n duidelik geïdentifiseerde voordeel vir die gemeenskap en die Universiteit wees.
- Die interaksie moet 'n volgehoue aktiwiteit in 'n wedersyds gedefinieerde verhouding/vennootskap wees.

Die bestuur van die universiteit ondersteun die interafhanklikheid en integrasie van die drie kern funksies, d.i. onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie.

Verskillende tipes gemeenskapsinteraksie

- **Tipe 1:** Integrasie van Onderrig en Leer, Navorsing en GI. In sommige buitengewone gevalle word dit bereik waar projekte aspekte van al drie kernfunksies integreer.
- **Tipe 2:** Integrasie van Onderrig en Leer en GI. Voorbeelde van hierdie soort GI is diensleer en kortkursusse.
- **Tipe 3:** Integrasie van Navorsing en GI. Voorbeelde van hierdie soort GI is kontraknavorsing, gemeenskapsgebaseerde navorsing en wetenskap- en- samelewing-inisiatiewe.
- **Tipe 4:** Vrywilligersdiens en openbare diens. Voorbeelde van hierdie soort GI is studentevrywilligersdiens, openbare diens deur personeellede, gemeenskapsuitreike en vennootskappe.

Vir voorbeelde van gemeenskapinteraksie projekte en vlagskip-projekte besoek ons webwerf: http://www.sun.ac.za/gi

Vir meer inligting:

Kontak die Afdeling vir Gemeenskapsinteraksie om meer inligting te bekom.

Besoek ons:

Straatadres: Lückhoff Skoolgebou, Banhoekweg, Stellenbosch
Webwerf: http://www.sun.ac.za/gi

Tree met ons in verbinding:

Telefoon: 021 808 3645
Faks: 021 808 2976
E-pos: howard@sun.ac.za
Posadres: Privaatsak X1, Matieland 7602